VOLUME 1/2013

Mei/May 2013

# STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# STRUISIES 50 FEES GAAN "ROCK"!

***'n Groot makietie word beplan vir die Struisies 50 Fees die naweek van 9-11 Augustus 2013. Hoërskool Oudtshoorn vier sy 50-jarige bestaan en heelwat oud-Struisies word verwag.***

Nantie Fourie en sy reëlingskomitee trek werklik alle stoppe uit om dit 'n onvergeetlike reünie te maak! 'n Spesiale jaarblad wat die afgelope 50 jaar dek, word beplan - maak dus seker dat u nou al een bestel! 'n Spesiale webtuiste is geskep om net hierdie geleentheid te dien [www.struisies50@struisies.co.za]. Daarop kan u u besprekings en bestellings doen en sommer ook foto's uit u skool-dae instuur.

Die program sien soos volg daaruit:
**Vrydagoggend 9 Aug 2013 vanaf 09:00**: "Skooltoere" en besoek aan die CP Nel Museum en ou "Girls High"-skoolterrein. Vanaf 12:00 kan oud-Struisies skooltoere meemaak en ook hul klaskamers van weleer besoek - moontlik nog hul name op die banke vind! Foto's uit die ryke geskiedenis van Struisies sal oral in die skool uitgestal word. Vrydagaand is daar 'n informele ken-mekaar-funksie in die skoolsaal waar ou vriendskappe weer afgestof gaan word!
**Saterdag 10 Aug 2103**: 'n Sportdag teen HS DF Malan van Bellville gaan u besig hou. Vir die feesgangers is daar ook geleentheid om weer die besienswaardighede van Oudtshoorn te besoek. **Saterdagaand** vind die vlagskipfunksie in die De Jager Sportkompleks plaas. Dit is formeel en beloof om 'n onvergeetlike aand te wees.
**Sondagoggend:** Die naweek se verrigtinge word op gepaste wyse afgesluit met 'n kerkdiens in die skoolsaal en daarna groet vriende met tee en verversings.

***Bespreek nou reeds u plek om teleurstelling te voorkom!***

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| STRUISIES IN CONCERT | 2 |
| STAATMAKERS GROET | 2 |
| BESIGHEIDSLEIER | 3 |
| KOVSIES VEREER ANJA | 3 |
| SPORTWETENSKAPLIKE | 4 |
| PROTEA DRUMMIES IN USA | 4 |
| PERCY OP PAD NA FRANKRYK | 4 |


Vir die 2013-kalender...

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Aug | KWAGGADAG |
| 9-11 | Aug | STRUISIES 50 FEES |
| 28 | Aug | MATRIEKAFSKEID |
| 8 | Oct | STRUISIES IN CONCERT |
| 4 | Nov | BORGEFUNKSIE |

# STRUISIES in CONCERT




In Junie 2012 het twee van Strusies se personeellede, Sophie Loubser en Elmine Bester, die Camino in Spanje gaan stap en dit is hier waar die idee van 'n musiekkonsert op die trappe voor die skool gestalte gekry het.

Die voorkant van die skool word omskep in 'n amfiteater waar tafels met swart en wit tafeldoeke 'n gesellige atmosfeer gaan skep met die Swartberge in die agtergrond.

***STRUISIES in CONCERT*** vind plaas die aand van 8 Oktober 2103- omkring solank daardie datum op jou kalender - teen R180 per persoon mag jy dit nie misloop nie!

# TWEE STAATMAKERS GROET STRUISIELAND

**Marie Meyers**

***Twee personeellede, Johan Claassen [skoolhoof] en Dave van der Walt [departementshoof], voltooi vanjaar hul "skoolloopbaan" aan Hoërskool Oudtshoorn - Mnr. Claassen ná 16 jaar op 20 September en mnr. Van der Walt ná 28 jaar op 21 Junie! Beide hierdie here het hul onderwysloopbaan as LO-onderwysers begin en beide het diep spore in die sportwêreld getrap, maar terselfedertyd ook ontwikkel tot kenners op hul onderskeie vakgebiede.***

Johan Claassen het na sy begin aan HS Indwe draaie gaan maak by HLS Oakdale, HS Despatch en HS Molteno voordat hy die leisels by Struisies oorgeneem het. Hy [soos enige goeie onderwyser] het altyd student gebly en in 1993 sy MA-graad in Afrikaans aan Unisa voltooi. Hierdie vakkennis het hom goed te pas gekom in sy jare as hulp-eksaminator vir Afrikaans.

Dit was veral ook op sportgebied wat Johan meer as sy kant gebring het. Oor 'n wye spektrum en op verskillende vlakke het hy sportsoorte in die Oos-Kaap en SWD gedien - as afrigter en administrateur. Dit het sportsoorte soos gimnastiek, tweekamp, krieket, atletiek en sy groot liefde, rugby, ingesluit. Johan het vir baie jare op die provinsiale besture van SWD Skole Atletiek, Tweekamp en Rugby gedien. Hy het ook opgetree as afrigter en spanbestuurder van verskeie SWD Cravenweek en SWD Atletiekspanne.

Dave van der Walt het sy skoolloopbaan by Zonnekus in Milnerton begin, 'n draai gemaak by HS Hottentots-Holland en in 1985 'n Struisieleerkrag geword. Steeds student, het hy in 1994 sy B.Ed aan die destydse UPE verwerf. Hy het dan ook vir 20 jaar as hulp-eksaminator vir Besigheidstudies opgetree.

Ook op sportgebied het Dave 'n groot bydrae gelewer - eers in die WP en Boland en ná 1985 in die SWD. Hy tree op as voorsitter van SWD Atletiek, SWD Tweekamp en SWD Skolegholf en die SWD Sportfederasie. Hy was ook op nasionale vlak betrokke - dien op die SAAAU, SA Skole Atletiekbestuur, SA Tweekampbestuur en was ook afrigter en spanbesruurder van die SA Skole Atletiekspan. Hy was ook die bestuurder van die SA Biathlespan wat in 2002 in Brittanje gaan toer het. Tans is hy die vise-president van SA Tweekamp en dien hy ook op die Uitvoerende Bestuur van die Wes-Kaap Provinsiale Sportkonfederasie.


JOHAN CLAASSEN

Albei die here gaan nog steeds Oudtshoorn hulle blyplek hou en soos ons hulle ken, beslis nie gaan stilsit nie! Struisiebonder wens hulle en hul gades, Bettie en Susan, 'n aangename rustyd toe! Dankie vir jul nalatenskap, Struisies gaan beslis daarop voortbou!

***Struisiebond salueer dié manne!***


DAVE van der WALT

## CHRIS SCHUTTE-BESIGHEIDSLEIER



Deur die jare het heelwat Struisies hul merk nasionaal en ook internasionaal gemaak. Een so n bekende oudStruisie is mnr Chris Schutte (matriek 1978). Chris is tans die uitvoerende hoof van Astral Foods wat een van die groot maatskappye op die JSE is en tans 40% van Suid-Afrika se hoenders produseer.

Van Astral se bekendste handelsmerke is Meadow Feeds en County Fair. Astral se jaarlikse omset is tans ongeveer R 10 biljoen en hulle het ongeveer 16 000 werknemers. Chris is reeds HUB van Astral sedert 2009 en elke keer voor in die koor as ons Struisies-reünie hou.

Chris het in 1978 gematrikuleer by Struisies as doodgemiddelde stoutgat matrikulant, maar was die SA 0/18 bokskampioen in dieselfde jaar. Chris is nie net n uitmuntende openbare spreker nie, maar ook n groot weldoener op verskeie terreine. Hy het n baie sagte plek vir Oudtshoorn en spesifiek die Struisies

Wonderlik om die suksesverhale van die oud-Struisies te volg!



## KORTNUUS ...

- Brian Henning - Managing Director, African Stamps;
- Fanie Ferreira - Luitenant-Kolonel, SAPD;
- Jurgens van der Bank - Santé Hotel & Wellness Centre;
- Chris van der Merwe - Circle Construction, Sedgefield;
- Mantie Bruwer - Onderwyseres, Montagu;

### REUNIONS / REËNIES

Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar die Struisiebond kan, ondersteun ons die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reël, logistieke hulp aan te bied en advies te gee.

Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za

## *GROOT EER VIR ANJA LAREMAN*

Anja Lareman is pas vereer met die Ora Joubertprys vir die Argitektuurstudent wat algeheel die beste presteer het in teorie in die driejaarkursus. Die graad BTech Argitektuur is aan haar toegeken. Sy doen tans haar Honneursgraad by Kovsies. Op die foto is sy by Prof Jonathan Jansen en 'n mede-student, Marius du Plessis.

Baie geluk! Struisieland is trots op jou!

## *MATTHYS MAREE ONTVANG DIE 2013 OFFICIA TUA DILIGIMUS*



**Hierdie begaafde Struisie matrikuleer in 1994 en na studies aan Maties en Pretoria Technikon, betree hy die musiekwêreld en maak dadelik 'n impak!** Vanaf 1995 raak hy betrokke by musiekproduksies in die ateljeewêreld, waarop hy later sou fokus. In 1999 registreer hy Odyssey Records, waaronder sy produksiewerk aangepak sou word. Tot op datum het hy 'n gemiddeld van 150 – 200 lewendige optredes per jaar gedoen, meer as 250 CD-produksies behartig en as pianis aan meer as 1000 albums gewerk. Internasionale werk sluit in meer as 30 toere wêreldwyd met verskillende kunstenaars, asook ongeveer 15 produksies in die buiteland op inisiatiewe wat insluit Afri-Frans, Afri-Spaans en Afri-Talia. ***Nog 'n wêreldster uit die Struisiestal!***




SPORT

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## OUDSTRUISIE KONDISIONEER SPORT

***EP Olivier wat in 2003 aan HS Oudtshoorn gematrikuleer het, is aan die begin van 2013 aangestel as sportwetenskaplike in Struisieland. Sy groot taak gaan wees om al die Struisie-sportspanne te kondisioneer om op die hoogste vlak met die beste skole in die land mee te ding.***

EP is getroud met Tammy en was werksaam in Puma-land voordat hy weer teruggekeer het na sy alma mater. Met die puik toegeruste Towers Trust-gimnasium tot sy beskikking het EP alreeds 'n groot verskil gemaak. Struisieland sien uit daarna om die resultaat na 'n jaar te sien!

Die Struisiebonder wens vir EP en Tammy 'n baie gelukkige en lang verblyf op Oudtshoorn toe.



**EP OLIVIER**

**ENB KWAGGADAG 2013**
**3 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !

## FIVE PROTEA-STRUISIE DRUMMIES VISIT THE USA



***Five Struisie Drummies [Megan Bisschoff, Acantha Philander, Farren Esau, Risti Louw and Jady Carelse] were part of the Protea Majorette Team that took part in the 2013 Marching Auxillvalues Drill-Dance Championships that was held in Fort Worth, Texas, USA at the end of March.***

They helped the SA team to 19 gold, 10 silver and 7 bronze medals [out of 38!]. They also received the Winner Circle Award [highest points achieved] and the Sportmanship Award [which all the competing teams had to vote for]. At the prize-giving the team was also praised for their character, pride and discipline!

***Well done! You've done Struisieland proud!***

## *PERCY OP PAD NA JUNIOR WêRELDBEKER*

### *DEEL VAN SA 0/20-SPAN*

Percy Williams, oudStruisie en tans lid van die Golden Lions Rugbyunie, was deel van Dawie Theron se Junior Springbokkies wat pas in Argentinië getoer het. Alhoewel dit nie so goed gegaan het met hulle nie, sien Dawie dit as deel van hul bouproses vir die Junior Wêreldbeker later vanjaar in Frankryk.

**Struisies is trots op Percy!**



## GUSTAV GERSTNER NA HONGARYE

**Gustav is gekies om die Junior Protea Onderwaterpolospan in Julie in Hongarye te gaan verteenwoordig. Baie geluk!**






# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ TTi, FNB, OUDTSHOORN, 62129269793